Direkteur Sinode

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton
Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

AAN: Skriba-Kassiere van gemeentes, NG Kerk in Oos-Kaapland

19 Mei 2016

OPGEDATEERDE INLIGTING T.O.V. BELASTINGJAAR 2016-17
BEREKENING BEHUISINGSVOORDEEL : GEMEENTE VOORSIEN HUISVESTING

Ter vervanging van punt 1.3.1 in skrywe van 15 Maart 2016

In ons skrywe van 15 Maart 2016 (onder die opskrif INLIGTING T.O.V. NUWE BELASTINGJAAR 2016-17) het ons aangedui dat daar vanaf 1 Maart 2016 geen uitsluitings meer in die vergoedingsfaktor is nie. Dit is aanvanklik verstaan dat selfs die waarde van die gratis huisvesting (soos bereken vir die vorige finansiële jaar) ingesluit moes word. Ons het nou op baie goeie gesag van die SA Inkomste-diens in Port Elizabeth verneem dat die **waarde van gratis huisvesting vir predikante steeds uitgesluit is** by die berekening van die vergoedingsfaktor. Dit is baie goeie nuus, want dit verlaag die belasting wat gehef word.

Paragraaf 9 in die 9de Bylae tot die inkomstebelastingwet verwys na "Remuneration proxy" wat gedefinieer word in Artikel 1 van die Inkomstebelastingwet. In Afrikaans is dit "besoldigingsplaasvervanger". Die definisie van die besoldigingsfaktor is verander en lees tans as volg:

> " 'besoldigingsplaasvervanger', met betrekking tot 'n jaar van aanslag, die besoldiging, soos omskryf in paragraaf 1 van die Vierde Bylae, verkry deur 'n werknemer van 'n werkgewer gedurende die jaar van aanslag wat daardie jaar van aanslag onmiddellik voorafgaan, buiten die kontantekwivalent van die waarde van 'n belasbare voordeel verkry van die bewoning van huisvesting soos beoog in paragraaf 9(3) van die Sewende Bylae:"

Dus: Die waarde van gratis huisvesting is die enigste bron van besoldiging wat nog wel afgetrek kan word van die vorige jaar se besoldiging.

Hiermee die **hersiende, vervangende punt 1.3.1** van die omsendbrief "INLIGTING T.O.V. NUWE BELASTINGJAAR 2016-17":

(Blaai om)

1. BEHUISING BYVOORDEEL BEREKENING (gemeente voorsien huis)

In vorige jare se formule kon voertuig-/vervoertoelae afgetrek word van die besoldigingsfaktor. **Dit is egter nie meer toelaatbaar nie!**

Formule vir die berekening van die behuisingsvoordeel (byvoordeelbelasting): **(A – B) x C/100 x D/12**

A = Die vergoedingsfaktor **(**Besoldiging volgens die Vierde Skedule van die Inkomstebelastingwet**):**

Volle besoldiging van voorafgaande belastingjaar met uitsluiting van die behuisingsvoordeel, (12 maande/geannualiseerd) of die eerste maand van indiensneming (geannualiseerd), indien die persoon nie die vorige jaar in diens van die werkgewer was nie.

B = R75 000* (die huidige jaar se belastingdrempel vir persone onder 65 jaar oud)

C = 17%: Minder as 4 vertrekke (huis/woonstel/wooneenheid)
18%: Minstens 4 vertrekke, ongemeubileerd en krag/brandstof deur werkgewer verskaf
18%: Minstens 4 vertrekke, gemeubileerd en geen krag/brandstof deur werkgewer verskaf nie 19%: Minstens 4 vertrekke, gemeubileerd en werkgewer voorsien krag/brandstof

D = Aantal maande gedurende die jaar van aanslag waarop die werknemer op sodanige huisvesting geregtig was/is.

2. TERUGWERKENDE BEREKENINGE

Onthou asb. om wanneer herberekeninge van die byvoordeel vir gratis huisvesting gedoen word, dit ook terugwerkend vir die voorafgaande maande van die belastingjaar (bv Maart tot April/Mei), gedoen moet word. Dit gaan beteken dat belasting **terugbetaal moet word** aan u werknemers/predikante, aangesien die formule se syfers te groot was.

3. VRYWARING

Hierdie inligting is bedoel om u op hoogte te hou van die veranderinge en is nie bedoel om 'n omvattende verklaring van die wet te wees nie. Dit mag nie as 'n substituut vir spesifieke belastingadvies dien nie. Konsulteer met SAID of u ouditeur indien enige twyfel in 'n saak bestaan. Geen aanspreeklikheid word vir enige foute, weglating of opinies vervat in hierdie dokument aanvaar nie.

Hierdie skrywe is voorberei na terugvoer van die SA Inkomstediens in Port Elizabeth, en is aangepas deur me Ingrid van Eck van die NG Kerk in Wes-Kaapland. Ons dank aan haar.

Met beste wense,

Ds DW Mouton
Direkteur Sinode